Helpmekaar Kollege

13 Februarie 2026

# NUUSBRIEF 5



# SWEM

Die Goue Liga-swemgala het op Dinsdag, 10 Februarie by Helpmekaar plaasgevind en vir uiters kompeterende en opwindende swemaksie gesorg.

Die punteleer was besonder na aan mekaar, met slegs een punt wat die top twee spanne van mekaar geskei het.

**Uitslae:**

1. Cornwall – 323
2. St Peter's – 322
3. Redhill – 315
4. HMK Le Clos – 299
5. Curro Hazeldean – 223
6. Trinity Randpark Ridge – 222
7. HMK Schoenmaker – 160
8. Benoni – 154




Die byeenkoms is gekenmerk deur uitstekende sportmanskap, sterk prestasies en 'n fantastiese atmosfeer. Die Helpies en die Golden Boys het met hul entoesiastiese gees en ondersteuning 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van die dag.





XII
IX
HELPMEK




KOMAAN
HELPMEKAAR
HELPMEKAAR KOLLEGE






# CHEERLEADERS mini

Ons is opgewonde om aan te kondig dat daar nou 'n Mini-Cheerleading-groep vir ons jongste Helpies beskikbaar is!

- Ouderdomsgroep: **4–6 jaar** (3-jariges is ook welkom)
- Vir wie: Seuns én dogters
- Wanneer: Dinsdae en Donderdae 15:15–16:15
- Waar: Helpmekaar se rugbyvelde
- Klere: Gemaklike oefenklere met tekkies

Die program gee kleuters 'n kans om energie uit te leef, nuwe bewegings te leer en deel te wees van 'n vrolike spanaktiwiteit. Ouers sal ook 'n skakel ontvang na die WhatsApp-groep, asook 'n cheerleading-video wat 'n goeie idee gee van wat om te verwag.

Vir enige verdere inligting kan juf. Jolene Richards gekontak word.



# GEMEENSKAPSDIENS

Op Vrydag 6 Februarie het ‘n groep van ons Graad 10-leerders weer gewys dat niks vir hulle hande verkeerd staan nie.

Ten bate van die organisasie, ***Rise Against Hunger for Africa***, het 85 Helpies ingespring om nie-bederfbare produkte te pak vir hulpbehoewende gesinne.

Binne een uur het die leerders ‘n verstommende **18 606 etes** gepak. Dit is ‘n goeie begin vir die jaar waarin dié seniors 10 ure gemeenskapsdiens moet doen vir Lewensoriëntering.

Die RAHA-span is hier weg met 86 volgepakte bokse, groot glimlagte en dankbare harte... en ons is trots op ons leerders vir hulle moeite en bereidwilligheid om (letterlik) ‘n hand uit te steek!



# RISE AGAINST HUNGER AFRICA

## Helpmekaar College - 06 February 2026

Thank you from all of us at Rise Against Hunger for giving your time at our recent event hosted. As a charitable organisation we rely on individuals and businesses to
both pack our meals and to provide funding in order to make the maximum possible impact across the country.
Below is a brief summary of the impact from the event.

**80** *children under 6*
FED EVERY DAY
FOR ONE YEAR (AT SCHOOL)

**±2 228.4kg**
FOOD PRODUCED/PROCURED

**18 606**
MEALS PACKAGED

**86** *boxes distributed*
ACROSS THE GAUTENG THROUGH OUR ECD CONNECT PROGRAMME & DISASTER RELIEF

A BIG THANK YOU TO OUR
*Community Volunteers*
**85**

## BECOME A HUNGER CHAMPION

**R68**
FEEDS A CHILD
5 DAYS A WEEK
FOR A MONTH

*link leads to Rise Against Hunger donation page

## SHARE THE LOVE
FOLLOW US

africa.riseagainsthunger.org

# GEMEENSKAPSDIENS

## Helpies bring Valentyns-vreugde by Hope School

Helpies het onlangs die leerders en personeel van Hope School bederf met 'n spesiale Valentynsdag-geskenkie. Die gebaar is met groot waardering ontvang en het baie glimlagte gebring.

Ons wil graag ook ons leerders aanmoedig om deel te word van ons weeklikse uitreike wat elke Woensdag plaasvind. Hierdie uitreike bied 'n geleentheid om diensbaarheid uit te leef en 'n positiewe verskil in ander se lewens te maak.

**Sluit gerus aan by ons WhatsApp-groep**




blou
geel
pienk
ei
ie
NIKE

# AVONTUURSPORT

**16 graad 8-leerders** het aan ’n mini-avontuur-wedren deelgeneem, waar hul vaardigheid om kontrolepunte met behulp van ’n *Google Maps*-kaart te vind, behoorlik getoets is.

Hul bergfietsry-vernuf is ook op die proef gestel. Die groep het bewys dat daar baie talentvolle avonturiers onder hulle is, en ons glo vas dat hulle van krag tot krag sal gaan.

Intussen het die res van die Helpies aan ’n 25 km-byeenkoms by Tweefontein Melkery deelgeneem. Hier is heelwat podiumplekke behaal. Hade-Mari van Graan en Izabella Bernot verower 'n eerste plek.




EXPEDITION
AFRICA
EXPEDITION
AFRICA
47
MERREL
RELL
TSHENOLO WASTE


EXPEDITION
AFRICA
38
MERRELL
EXPEDITION
AFRICA
38
MERRELL
FLUID


EXPEDITION
AFRICA
EXPEDITION
AFRICA
squirt
CYCLING PRODUCTS
EXPEDITION
AFRICA
45
MERRELL
EXPEDITION
AFRICA
45


EXPEDITION
AFRICA
EXPEDITION
AFRICA
46
MERRELL
EXPEDITION
AFRICA
46
MERRELL
B
RAD
RAG
G

# KRIEKET

Die afgelope week is vier Johnny Waite-wedstryde ingehaal wat vroeër uitgereeën het. Die Helpies het uitstekend gevaar teen Jeppe – slegs die tweede span moes die knie buig.

- **Eerste span:** Sebastian Kloek (43) en Zuan Joubert (47) het met die kolf uitgeblink, terwyl die span se gedissiplineerde boulwerk en puik veldwerk die oorwinning verseker het.
- **16A:** Stian van der Berg (42 lopies) en Jandre Spangenberg (3/29) was die sterre.
- **15A:** Johan du Toit het met 'n briljante 70 van 55 balle die wedstryd vir sy span beklink.



Nog ’n hoogtepunt was die Parktown Capitals wat geseëvier het oor die Bram Royals – die trofee-oorhandiging het Vrydag plaasgevind.

Donderdagaand het die Eerste span en o/15A’s onder die ligte teen Eldoraigne gespeel. Beide spanne het as oorwinnaars uit die stryd getree:

- **Eerste span:** Keegan van Schoor het ’n hardverdiende 101* aangeteken, met sterk bydraes van Ewald Haasbroek (52), Xander Jackson (34) en Keanu du Plooy (3 paaltjies).
- **15A:** MJ Moller het 5 paaltjies geneem, terwyl John van der Waldt (70) en Jean du Plessis (43) die lopies aangeteken het.

Saterdag, in die langer formaat, het die **15A’s teen Randburg gewen**. Die 14A- en B-spanne, asook die 16A’s, het ongelukkig teen Midstream vasgeval. John van der Waldt het egter weer vir die 15’s uitgeblink met 63 lopies. Stian van den Berg slaan 80 lopies teen Midstream en Carter Noakes Neem vyf paaltjies, ook teen Midstream.



# BUITEPRESTASIE

In Desember 2025 het **Miané Lange (Graad 12)** aan 'n internasionale modelkompetisie deelgeneem waar sy teen deelnemers van regoor Suid-Afrika en Namibië meegeding het. Sy het in die "Teachers"-afdeling deelgeneem – die hoogste afdeling – aangesien sy ook 'n student-teacher by Figures Model Finesse is.

Verder het sy haar vaardighede in die "Skills" (Loopplankvernuf)-afdeling gemeet, wat as die topkategorie beskou word. Hierdie afdeling fokus op professionele vaardighede soos loopplank-tegniek, poses, postuur, tempo en algemene aanbieding.

As gevolg van hierdie prestasie het sy 'n MSC-bootvaart gewen, waar sy die geleentheid sal hê om aan verskeie internasionale modelkompetisies deel te neem en ongeveer 20 internasionale agente te ontmoet.





# ORIËNTERING

Verskeie van ons atlete het Top 10-posisies behaal tydens die eerste en tweede Goue Liga-atletiekbyeenkomste, wat onderskeidelik op 2 Februarie by Heronbridge College en 9 Februarie by Helpmekaar plaasgevind het.


Ruan Voogt


Chloe du Preez


Jean-Luc Joubert


Adam Korb


Jané Slabbert


Geart van der Merwe


Chanté Röhrs


Genevieve du Preez


Ruan Fourie

# Valentynsbal

**Datum: Saterdag, 21 Februarie**

**Tyd: 17:30 vir 18:00 tot 22:00**

**Plek: HMK-skoolsaal**

KOOP KAARTJIES HIER COMPUTICKET

**BELANGRIKE REËLINGS:**

***Snoepiekaart:***

- Leerders moet hul snoepiekaart saambring. Die snoepie sal die enigste verversings op die aand verskaf. ***GEEN Mr D, Uber Eats of enige ander wegneem sal toegelaat word nie.***

***Vervoer na afloop van die bal:***

- Indien 'n leerder 'n Uber neem of saam met 'n maat huis toe ry, moet vooraf skriftelike toestemming per e-pos gestuur word na gabrielle.visser@helpmekaar.co.za, nie later nie as 20 Februarie.

***Geen gaste van buite:***

- Neem asseblief kennis dat slegs HMK-leerders die bal mag bywoon.

***Kaartjieverkope:***

- Kaartjieverkope open op 6 Februarie en geskied aanlyn via Computicket.

# Valentynsweek:
# Deel die Liefde! ❤️

Maak Valentynsweek ekstra spesiaal met ons opwindende aktiwiteite:

## 🌹 Rose en liefdesbriefies

Rose en liefdesbriefies word van **11 tot 13 Februarie** gedurende **pouses** in Juf. Elizabeth Badenhorst se klas verkoop.

**Koste:** R20 per roos en kaartjie
**Betaling:** Slegs kaartbetalings
**Uitdeel**: Donderdag, 19 Februarie

## 🧺 Valentyns-piekniek

'n Piekniek-afspraak met **piekniekmandjie** is te koop vir R200 en word verkoop van **11 tot 17 Februarie** in Juf. Elizabeth Badenhorst se klas.
Beperk tot **slegs 33 mandjies**
**Piekniek:** Woensdag, 18 Februarie, tydens tweede pouse
**Afhaalpunt:** By die swembadpaviljoen
**Betaling:** Slegs kaartbetalings

Moenie hierdie geleentheid misloop om iemand spesiaal te laat glimlag nie! 💕

# NEEM KENNIS

**Ons gewilde wit sonhoede is weer in voorraad by die klerewinkel!**



# NOODHULPKURSUS (VLAK 1)

*Slegs vir Helpmekaar-leerders*

## DATUM: Saterdag, 28 Feb

## PLEK: Helpmekaar Kollege

## TYD: 08:00 - 15:00

## KOSTE: R 500 per leerder

- Geld moet in die **skool se rekening** inbetaal word.
- **Verwysing**: Leerder se naam en van + *Noodhulp*
- **Bewys van betaling** moet aan juf. Lenke Kruis gestuur word: **lenke.kruis@helpmekaar.co.za**

